HOËRSKOOL FRAMESBY JAARVERSLAG 2011 GELEWER DEUR MNR. JAN STROEBEL TYDENS DIE PRYSUITDELING OP 20 OKTOBER 2011

Geagte Seremoniemeester, Dr. Bosch voorsitter van die Beheerliggaam en mev. Bosch, lede van die beheerliggaam, ons ere-gaste mev. Stander en mnr. Stander, mev. Smith en mnr. Smith, mnr. Johan Staphorst van FOV en mev. Staphorst, dames en here en leerlinge.

Dit is my voorreg vannaand om die 46ste Jaarverslag van die Hoërskool Framesby, aan u voor te hou. Wat 'n opwindende voorreg om by hierdie uitstaande skool betrokke te wees en ek hoop dat u my optimisme oor Framesby sal deel.

Dames en here, as u die geleentheid moes kry om hier te staan – wat sou u as 'n trotse ouer sê! Byvoeglike naamwoorde soos puik, uitstaande, uitstekend, briljant spring dadelik in my kop om ons skool te beskryf.

2011 was, in baie opsigte, weereens 'n uiters suksesvolle jaar. Alle ouers behoort baie trots te wees dat ONS skool, die een waaraan u en ek behoort, jaarliks hulself so uitpresteer en soveel bereik. Hoe behaal ons hierdie suksess jaar na jaar? – Slegs deur 'n toegewyde, bekwame personeel wat daarna streef om die skool se slagspreuk uitleef van "waar potensiaal verwesenlik word" 'n Personeel vir wie dit op die hart lê om die kind se ontwikkeling te laat realiseer. En dan natuurlik ons kinders wat die geleenthede wat die skool bied met albei hande aangryp en die wil het om te presteer. Hier kan elkeen 'n wenner is sy eie reg wees!

Maar dit is geen maklike taak nie! Alhoewel ons voorbereiding en beplanning in groot detail gedoen word, moes ons tog soms krisisbestuur toepas met gebeure wat nie onder ons beheer was nie. Traagheid van die Departement van Onderwys met aanstellings en

betaling van salarisse, sommige leerders wat swak gedrag openbaar en leerders wat net eenvoudig nie take en dringende werk inhandig nie. Met ons eie innoverende strewe word ook foute begaan, maar die strewe na uitnemendheid op alle terreine bly behoue.

Bovermelde negatiewe faktore is egter heeltemal oorskadu deur soveel positiewe gebeure wat ons skool in 'n nuwe, hoër en beter wentelbaan plaas. Ouers en die gemeenskap word aangemoedig om ons skool beter te ondersteun in woord en daad. Daar is soveel om op trots te wees en elkeen se bydra word ernstig benodig om ons skool 'n groter, beter en sterker skool te maak. Laat staan die negatiewe kritiek en afbrekende praatjies en lewer eerder 'n positiewe bydrae.

Die primêre doel van 'n dinamiese skool is die gebalanseerde opvoeding van sy leerders. By Framesby is akademie ons hoofdoel wat verder ondersteun word deur 'n verskeidenheid van sport, kultuur en ander buitemuurse aktiwiteite. Hiervoor is ons gerat en vanjaar se suksesse is 'n weerspieeling dat dit goed gaan met die skool.

Ons matrieks van 2010 het 'n gemiddelde slaagpersentasie van 99, 1% behaal en ons is trots op die 21 leerders wat 'n A-gemiddelde behaal het. Hierdie is weereens 'n bewys dat ons skool se akademiese standaard van hoogstaande gehalte en kern gesond is.

Vanjaar was 'n uitsonderlike jaar wat sport betref. Dames en here vir individuele presteerders verwys ek u graag na die skool se volledige Jaarverslag. Die prestasies van 24 Nasionale en 118 provinsiale verteenwoordigers sal my die hele aand besig kan hou. Ek lig egter van die prestasies uit. Ons O18 A en O16 A netbalspanne is die Oos-Kaap kampioene en neem in Johannesburg deel aan die Nasionale Netball Challenge. Die O18 A–span is ook die wenners van die plaaslike Mayoral Cup. Ons meisie muurbalspan speel vir die soveelste keer in die Top Schools kompetisie en eindig as die 2de beste in die land - voorwaar voortreflik. Die skaakspan neem vir die 2de keer deel aan die Top Schools kompetisie en eindig 5de in Suid Afrika.

Op die rugbyveld het ons 1ste span 'n uitstekende seisoen beleef en het baie ander skole onder die stof gespeel. Ons voortgesette deelname aan die Wildeklawer Super Skole Toernooi bevestig ons as 'n top rugbyskool en ons spog vanjaar met ?? spelers in verskeie OP ouderdoms groepe.

Landloop, Atletiek, Tweekamp en Swem lewer vanjaar weereens groot getalle provinsiale sportmanne en – vroue. In moderne vyfkamp, hokkie, seunskrieket, sowel as dogterskrieket, Tennis en

Karate lewer ons eerste wêreldkampioen op en twee leerders neem deel aan die Statebondspele in Australia terwyl verskeie ander SA titels wen.

Op kultuur-vlak vaar die skool besonder goed. Die koor lewer uitsonderlike optredes en verskeie leerders slaag hul Unisa musiek eksamens met lof. Die skool se toneelgroepe wen verskeie kompetisies en behaal individueel uitstaande prestasies sover as tot in Kaapstad. Verskeie redenaars en debatgroepe presteer besonder goed, terwyl eerste plekke aan verskeie leerders in Olimpiades en Expo's toegeken is.

Personeel

Die nie-aanstelling van personeel bly die grootste probleem en ons is hoopvol dat alle vakatures gedurende die volgende paar maande gedoen sal kan word. Die meegaande finansiële las rus op die skouers van die skool hierdie gelde kan sekerlik beter en tot voordeel van die skool se fasiliteite aangewend word.

Aan die einde van die jaar verloor ons die dienste van 2 gewilde en staatmaker-personeel. Ons sê dankie aan mnr Johan Langner vir ?? jare diens aan die skool en wat gaan aftree. As Departementshoof het hy onskatbare waarde toegevoeg tot die baie suksesse van die skool. Hy het nie net die skyfskiet in die skool na hoë hoogtes geneem nie, maar sal eerder onthou word vir die baie lewenslesse wat hy aan kinders geleer het. Baie dankie - ons sal jou mis.

Mev. Miriam Tait tree ook af en sal verseker 'n groot leemte laat in die Lewenswetenskap-afdeling van die skool.
Die geouditeerde finansiële state van 2010 is by die skool beskikbaar ter insae vir ouers. Stiptelike betaling van skoolgelde is belangrik om noodsaaklike instandhouding, verbeteringe en groei by ons skool te verseker. Dit is egter jammer dat talle ouers die ontwikkeling by die skool demp deur hul versuim om skoolgelde te betaal en direk 'n negatiewe impak op die skool se begroting te hê. Ons leef in die 21ste eeu met snelle veranderinge op baie gebiede en kan nie bekostig om agter te raak en ons kinders van die nuutste tegnologie, tendense en vooruitgang te ontneem nie. Framesby gaan in die toekoms die gesogste skool in Port Elizabeth word en dis hier waar uitnemendheid verseker moet word. Ons mag nooit agter raak nie!

Herstelwerk aan die skoolgeboue en terrein kos jaarliks duisende rande en ons moet verseker dat ons geboue en fasiliteite te alle tye in 'n netjiese toestand is. Daar sal later meer oor die ontwikkeling van die geboue, toerusting en terrein gesê word.

Ek glo ook dat die vennootskap tussen ouer en onderwyser verstewig moet word. Saam moet ons ons kinders opvoed en soms kry ons die gevoel dat dit ouer en kind teenoor die skool is. As iets verkeerd loop en dissipline word by die skool toegepas, is die onderwyser baie gou verkeerd en eerste om blameer te word. Hierdie is ongevraagd en ouers en personeel moet eerder hande vat en saamwerk om die beste voordeel vir die kind te gee. Gelukkig het ons BAIE ouers wat ons voortdurend ondersteun en ons is baie dankbaar daarvoor.

Daar is baie uitstaande, goed manierde en lojale leerders by ons skool. Leerders wat 'n hoë mate van verantwoordelikheid toon, eerlik, betroubaar en hulpvaardig is. Leerders wat omgee oor die skool se tradisies en wie 'n plesier is om te onderrig. Dankie aan julle op wie ons kan staatmaak. Die toekoms lê in julle hande en ons weet julle sal 'n sukses van jul lewe maak.

Ek wil graag namens die personeel, leerlinge en ouers aan die Beheerliggaam baie dankie sê vir hulle bydrae tot die uitbou van ons skool gedurende die afgelope jaar. Die wyse hoe sake op 'n weldeurdagte en met 'n positiewe gesindheid benader is, is bevorderlik vir ons skool. In die besonder 'n groot dank aan die voorsitter, dr Bosch en die voorsitters van die onderskeie sub-komitees vir u ondersteuning en waardevolle insette gedurende 2011.

My dank ook aan die Framesby Ondersteunersvereniging vir hulle onbaatsugtige hulp en ondersteuning aan die skool. Die skep van 'n klubhuis atmosfeer word toenemend beleef en ek wil ouers aanmoedig om by FOV in te skakel. Daar is baie van u wat net eenvoudig goeie staatmakers is en ons skool het sulke vriende nodig. 'n Groot dankie aan mnr. Ernst Pienaar en sy span vir wat julle vanjaar gedoen het en voorspoed met al die beplande projekte vir 2012.

Die Monitorbestuur, onder leiding van Lindi Stander, Ansell Smit, Emile Smith en Steyn Laubser het 'n kritiese rol onder ons leerders gespeel. Hulle, tesame met alle Monitors, Klasverteenwoordigers en Media-prefekte speel 'n belangrike rol in die gladde funksionering van die skool en die toerus van hierdie leerlinge vir hul taak word al hoe belangriker. Dankie aan julle leerlinge wat altyd die voorbeeld moet stel. Geen sukses kan behaal word sonder 'n hoë standaard van dissipline deur beide personeel en leerders nie. Ek wil dit beklemtoon dat ons leerders nodig het wat saam met ons sal HANDHAAF en BOU wat kosbaar vir ons is. Dankie ook aan, Lindi Stander en Liza-Mare Victor vir die belangrike rol wat julle op die Junior Stadsraad speel.

Dames en here ek sluit af:

'n Groot dankie weereens aan elke persoon wat ons skool die afgelope jaar met woord en daad bygestaan het. Dankie aan daardie persone wat opbouende kritiek en raad aan ons voorsien het. Dankie aan besighede vir mooi borgskappe en aan Hoofde van ons voeder Laerskole vir hul samewering en ondersteuning. Ek wil ook graag my dankbaarheid betuig teenoor ons Hemelse Vader vir al die sëeninge wat Hy oor ons skool uitgestort het en laastens dankie aan my vrou, Lindsay

vir die baie opofferinge wat sy deur die jaar vir my onthalwe, moes maak.

Ek dank u.

J. Stroebel
SKOOLHOOF
20 Oktober 2011